



Kersfees: Tyd van Vrede

Ds André van Wyk

William Wordsworth het een keer gesê dat vrede die kern-komponent van alle geluk is. Alle mense streef geluk na. Maar om gelukkig te wees, moet die mens in vrede lewe. Vrede met jouself, met jou medemens, met die natuur en met die 'godheid'.

In 'n wêreld wat gestroop is van vrede, vol geweld, misdaad en oorloë, kom God in hierdie Adventstyd (Kerstyd) en raak te midde van die onstuimigheid in en om ons, ons harte aan met sy vrede – vrede wat alle verstand te bowe gaan. Jesus word immers die "Vredevoers" genoem!

Is dit moontlik om waarlik God se vrede te ervaar en daarin te lewe te midde van ons en die wêreld se huidige omstandighede? Sonde, vrees, onsekerheid, twyfel en talle ander emosies skep voortdurend konflik in die mens. God se vrede werk in ons harte om 'n einde te maak aan hierdie negatiewe belewenisse, sodat ons werklik vrede kan beleef. God se vrede het in die eerste plek nie met uiterlike omstandighede te doen nie – dit gaan hier oor jou verhouding met God en jou houding teenoor die lewe vanuit jou verhouding met God.

Ons kan Jesus se vrede nie in aardse woorde omskryf nie –

dalk juis daarom dat Hy bevestig dat sy vrede nie wêreldse vrede is nie (Johannes 14:27). God se vrede word slegs in verhouding met Jesus Christus bewerkstellig. En dis die boodskap van Kersfees: Van hoop en liefde in 'n gebroke wêreld – van VREDE – van Christus wat 'n verskil kom maak in mense se lewens.

Mag God ons elkeen hierdie Kersfees opnuut ontmoet en mag sy vrede, vreugde en liefde ons inspireer tot diens aan Hom en aan mekaar.

Here, maak my 'n instrument van u vrede. Waar daar haat is, laat my liefde saai; waar daar onreg is, vergifnis; waar daar twyfel is, geloof; waar daar wanhoop is, hoop; waar daar duisternis is, lig; waar daar droefheid is, blydschap. O Goddelike Meester, gee dat ek nie soseer sal soek om getroos te word nie maar om te troos; om verstaan te word nie as om te verstaan; om bemin te word nie as om lief te hê. Want dit is deur te gee dat ons ontvang; dit is deur te vergewe dat ons vergewe word; en dit is deur te sterwe dat ons tot die Ewige Lewe gebore word (gebed van St. Franciskus van Assisi).

Kersprogram: Sondag 27 November

Stephan Ackermann

Vanjaar se Kersprogram beloof om iets uit 'n ander wêreld te wees. Ons is besonder bevoorreg dat die wêreldberoemde Suid-Afrikaanse Jeugkoor gaan optree, onder leiding van die ewe befaamde André van der Merwe (wat ook die Stellenbosch Universiteitskoor en die Stellenberg Meisieskoor lei – al drie hierdie kore het vantevore internasionale kompetisies gewen). Ek kan hier getuig van 'n musikale belewenis soos min. Om die Suid-Afrikaanse Jeugkoor lewendig te hoor en te sien optree, is 'n onvergeetlike ervaring!

Maar dit is nie al nie. Ons gaan vooraf en tydens die diens Kersliedere saamsing, sodat almal kan deel in die wonderlike atmosfeer van Kersvreugde. Ons eie kerkkoor gaan optree, asook 'n paar uitmuntende soliste, soos Leonard Heydenrych (fluit), Suretha Theron (klarinet) en Charlotte Stopforth (mezzo-sopraan). Hannelie Leonard en Jan Burger is die stemkunstenaars wat die voordragte sal hanteer. En diegene wat nog nie Nelia van Niekerk en Suzie Groenewald se blommekunswerke ervaar het nie - julle weet nie wat julle mis nie!

Die Kersprogram vind plaas op Sondag 27 November om 19h00 in die Kerkgebou. Ons hoop om julle almal daar te sien. Kom asseblief vroeg om 'n sitplek te verseker en om te deel in die heerlike samesang van Kersliedere wat reeds 18h40 sal begin. Toegang is gratis, maar daar sal 'n deurkollekte opgeneem word ten bate van die Jeugkoor.



Sal Kersfees ooit kom?

Ds Rian Verster

'n Dag of wat gelede stap ek deur 'n winkel. Die kersbome is uitgesit tussen die winkelrakke, maar die kersversierings ontbreek nog. Dit lyk nie reg nie!

In 'n sekere sin voel dit ook nie reg om Kersfees te vier nie, ons wêreld bly dan so lelik, jaar na jaar, sonder kersvreugde en vrede. Die gees van Kersfees, die vrede wat ons mekaar toewens, die saamwees, saamsing en saam bely dat Jesus 'n mens geword het en by ons kom woon het, wil jou laat glo, weer 'n keer, dat hierdie jaar se Kersfees tog anders sal wees, dat dit meer blywende vrede sal bring. Dat verskillende nasies, vriend en vyand, mans en vrouens, ouers en kinders, familie en vriende mekaar sal vind. Dat daar 'n nuwe tyd sal aanbreek, 'n tyd waarin die liefde van Jesus ons almal se harte sal verander. Skynbaar gebeur dit nie. Sal dit ooit gebeur?

Wat egter wel gebeur, is dat God aan die werk is en by sy beloftes en sy liefde vir sy wêreld bly, terwyl die stryd en onenigheid woed. Matteus sê in die eerste vers van sy evangelie: Jesus is die Seun van Dawid. Dawid se geskiedenis

The Help

Ds Tinus van Zyl

Hierdie verhaal speel af in die 1960's in Mississippi. Dit handel oor 'n jong meisie genaamd Eugenia, met die bynaam Skeeter (gespeel deur Emma Stone), wat 'n joernalis en 'n skrywer wil word. As sy terugkeer van haar studies na haar tuisdorp, Jackson, is sy opsoek na 'n saak om oor te skryf, soos 'n uitgewer vir haar gesê het: "Write about something that bothers you."

Skeeter begin wonder hoe dit vir 'n huishulp moet voel om te werk vir die vrouens van Jackson, haar vriendinne, wat almal deur huishulpe grootgemaak is. Sy probeer haar beste vriendin se huishulp, Aibileen (gespeel deur die uiters begaafde Viola Davis, wat sonder twyfel 'n Oscar verdien), oortuig om eerlik met haar te gesels. Aibileen is aanvanklik te bang om met Skeeter te praat, totdat die Woord van God haar oortuig om met moed die waarheid te praat, wat dalk meer is as wat Skeeter wou hoor.

Een aspek van die storie wat 'n mense nogal baie laat dink, is hoe ander mense se sienings van jou, heeltemal kan verskil van hoe jy oor jouself dink. Ek kan dink dat ek 'n baie billike en regverdige werkgewer is, maar ervaar my werknemers dit ook so? Ek kan onder die indruk wees dat ek 'n baie liefdevolle en betrokke ouer is, maar beleef my kinders my ook so? Ek

Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

Vol blad	R1500	Halwe blad	R750
Kwart blad	R375	1/8 blad	R188

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.

(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, te weier.)

Uit die Woord

is nie 'n mooi geskiedenis nie. Dit is vol oorlog, stryd, onderkruipery en moord. Maar in hierdie gebroke geskiedenis is God aan die werk en bly Hy by sy beloftes en verlossingsplan. En eindelijk word God mens in Jesus, die Seun van Dawid, om God by ons te wees!


Jesus nooi ons en help ons om teenoor die lelike van die lewe, sy liefde en vrede teenoor mekaar te leef. Die skrywer van die Hebreërbrief sê: "Wees dan versigtig liewe broers en susters. Maak seker dat daar nie in een van julle se hart 'n verkeerde gees van ongelooft posvat wat julle vervreem van die lewende God nie. Julle moet mekaar elke dag aanspoor, ja, solank as wat die 'vandag' van genade nog bestaan, om te keer dat een van julle deur die verleidelikheid van sonde innerlik verhard word. Want as ons enduit stewig bly vashou aan die vertrouwe op God waarmee ons oorspronklik begin het, sal ons deel in alles wat aan Christus behoort" (Hebreërs 3:12-14). Dit lyk my so word dit Kersfees!

Uit die Wêreld

mag dalk reken dat ek 'n baie goeie mens is, wat gaaf is met alle mense, maar sien ander my ook so?

Wysheid en begrip, deernis en meelewing, kom met perspektief. En perspektief kry 'n mens wanneer jy jouself in iemand anders se skoene plaas, en as't ware deur daardie persoon se oë na die wêreld kyk, en ook deur daardie persoon se oë na jouself kyk.

Kersfees is immers die tyd waarin ons onthou dat God Homself in ons skoene kom plaas het, deur 'n mens soos ons te word. Het ons dieselfde vermoë: om iemand anders se vel aan te trek en te voel hoe die wêreld in hulle vel voel?



Redaksie

Redakteur: Ds Tinus van Zyl

Redaksielede: Jackie Pretorius & Cindy vd Merwe

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

Gerugte van 'n wonderwerk

Ds Tinus van Zyl

Dit is bitter moeilik om 'n gevoel te kry vir dit wat God by 'n Sinode verrig het, as jy nie self daar was nie. Dis amper soos om te hoor van 'n lewensveranderende gebeurtenis in 'n totaal vreemde land – woorde kan dit nie behoortlik oordra nie. Selfs foto's vertel nie die volle verhaal nie. Miskien kan jy nog ietsie daarvan begryp as iemand eerstehands vir jou vertel hoe die ervaring vir hulle was, maar as jy net tweedehandse berigte ontvang, is jy net te ver verwyder van die werklike gebeure.



Gebed voor stemming oor Belhar belydenis

Ek was nie by die Algemene Sinode nie, en daarom is hierdie beriggie so 'n tweedehandse mededeling. Ek het wel die voorreg gehad om deel te wees van Wes- en Suid-Kaap se Sinode vroeër vanjaar, waar dieselfde proses gevolg is, naamlik om elke dag stil te word voor God en om met elke besluit eers te luister na die Woord, na die kontekste, en ook na mekaar. Dit is 'n besondere ervaring om te voel hoe God 'n vergadering van honderde mense lei deur sy Woord en sy Gees, en hoe jy self getransformeer word in die proses, en God ook met jǒu kom praat oor jǒu lewe.

Soos wat ons nuus ontvang het van die gebeure en besluite by die Algemene Sinode in Oktober, het ek besef dat daar iets merkwaardig gebeur het, maar ek het ook geweet dat die berigte nie eers 'n fraksie van die volle verhaal kan vertel nie.

Toe die Sinode van Wes- en Suid-Kaap die Algemene Sinode versoek het om die Belydenis van Belhar as deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk te aanvaar (die Algemene Sinode moet besluit oor leerstellige sake), het ek nie enige moed gehad dat die Algemene Sinode dit sou doen nie. Ek het dit eerder gesien as 'n simboliese handeling: 'n profetiese stemblyd van die Kaap.

Toe ek die kort beriggie lees dat die Belydenis van Belhar aanvaar is, met 'n oorweldigende meerderheid van meer as 90% stemme, was ek totaal stomgeslaan en verbaas. Ek het besef dat daar 'n wonderwerk gebeur het, maar die wyse waarop

Algemene Sinode

God hierdie wonder kom doen het, was vir my onduidelik.

Die brief vanaf die VGK se moderatuur, wat hierdie gebeure van die kant af geobserveer het, getuig ook van absolute verwondering. Toe hulle die see van oranje stembriefies sien opgaan ten gunste van die aanvaarding van die Belydenis van Belhar, was hulle oorweldig en oorstelp oor die wonderwerk wat hulle voor hulle eie oë sien afspeel het.

(Die proses werk nou so: na die Algemene Sinode se aanvaarding, moet twee derdes van alle NGK kerkrade dit ook met 'n tweedertede meerderheid aanvaar, voordat dit deel sal word van die NG Kerk se belydenisgrondslag.)

En daarom lees ek baie stadig en versigtig, met groot nederigheid, as ek berigte oor die Sinode lees, of as ek kyk na die besluite van die Sinode. Want ek weet dat dit wat ek lees oor die Sinode se besluite aangaande kerkhereniging, die doop, die huwelik en saamwonen, die bediening van bevryding en ander sake, kan onmoontlik vir my die volle omvang laat besef van dit wat God gedoen het by die Algemene Sinode.

Ek kan maar net met 'n gerustheid en 'n dankbaarheid in my hart weet dat Jesus die Hoof is van die kerk, en dat dit Hy is wat die kerk lei deur sy Woord en sy Gees. So lank as wat ons 'n leerbare gees behou, so lank as wat ons bereid is om te luister na God se Woord, te luister na ons konteks en te luister na mekaar, in afhanklikheid van die Heilige Gees, sal Jesus self sy kerk roep, lei en stuur.

Lees meer oor die besluite van die Sinode by www.durbanvillegemeente.co.za/vind/uit-die-sinode/



Stemming vir Belhar belydenis

Die goeie en mooi God - 14 weke fokus

Ds Gys van Schoor

Ons lewe saam met God is nie 'n liniêre reis nie, maar loop meer soos 'n spiraal. Ons beweeg nie van punt A na B nie, maar op 'n spiraalagtige manier al in die rondte: dieper en voller en vryer. Elke keer word ons teruggebring na die basiese elemente:

1. Leer om eerstehands te leef saam met God
2. word innerlik heelgemaak en getransformeer
3. tot diens aan ons naaste en die skepping.

Ons was die afgelope 3 jaar presies hiermee besig:

2009	40 dae met Jesus
2010	40 dae: "Jesus maak ons heel" met die opvolg: Die innerlike reis
2011	40 dae: "Jesus stuur ons" met die opvolg: Op reis met Handeling

Dit het die afgelope drie jaar oor niks anders gegaan nie as die inoefening van ons visie: as dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld.

Daarom skuif ons fokus vir die volgende drie jaar nie na iets nuuts en anders nie, maar bly dit, soos die vorige drie jaar, by ons kerndoel: as dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld. Die drie tema's vir die volgende drie jaar is:

2012	Die goeie en mooi God
2013	Die goeie en mooi lewe
2014	Die goeie en mooi gemeenskap

Ons gaan in 2012 vir 14 weke spesifiek fokus en inoefen om met die goeie en mooi God te lewe. Die grootste fees van die kerk is Paasfees. Ons het die 14 weke so verpak dat dit bestaan uit 7 weke voor Paasfees: Lydenstyd, en 7 weke na Paasfees: Opstandingstyd. Ons gaan saam met mekaar in daardie tyd onself oopstel om God weer nuut te ontdek en nuut te leer ken.

In die Christelike lewe speel ons Godsbeelde, die manier waarop ons oor God dink, 'n uiters belangrike rol. Ons het vals beelde van God wat ons in hierdie tyd wil aflê. Ons wil oor God dink soos wat Hy Homself in Jesus aan ons bekend gemaak het. Die 14 weke proses wil ons help om ons vals beelde van God te kruisig, en te leef saam met die ware, lewende God.

Om vals beelde van God neer te lê, en te leef met die ware God, is egter nie net 'n intellektuele oefening nie. Dit gaan oor

VAKANSIEPLANNE

Ons wil jou vriendelik versoek om na te dink oor jou vakansieplanne in 2012. Tree in gesprek met jou familie en oorweeg dit ernstig om Paasfees te vier hier in Durbanville Gemeente.


Paasfees lê in die hart van 'n gemeente se lewe. Dit is die hoogtepunt van die kerklike jaar en die dieptepunt van 'n gelowige se reis saam met God. Dit kan ook die fondament word van 'n familie se saamwees, as ons jaar na jaar moeite daarmee maak.

2012

'n nuwe manier van leef. Daarom gaan ons in die 14 weke **geestelike dissiplines** en **familiegewoontes** inoefen. Geestelike dissiplines is verhoudingsdissiplines, wat belangrik en noodsaaklik is vir ons verhouding met God, terwyl familiegewoontes ons help om die kerklike jaar, die wonder van Paasfees, konkreet deel te maak van ons huis.

Om daarop te fokus en dit in te oefen om eerstehands saam met God te leef, is nie iets wat ons op ons eie hoof aan te pak nie. Ons as gemeente gaan mekaar hiermee help. Dit is die doel waarvoor ons hier is. Daarom nooi ons ons hele gemeente uit om aan ons 14 weke fokus: Die goeie en mooi God, deel te neem. Ons begin die week van 20 Februarie.

Ons nooi ook verteenwoordigers van kleingroepe vir 'n naweek **Retraite, 10-12 Februarie**, waarin ons gaan stil word by die Here en ons gaan voorberei vir die 14 weke.



PAASFEESPROGRAM

Donderdagaand 5 April - Donkerdiens
Die Laaste Avondmaal

Vrydag 6 April - Goeie Vrydag
Familiediens en Klassieke diens (Nagmaal)

Sondag 8 April - Paassondag
Paasfeesdiens (Dooop)

Maandag 9 April - Familiedag
Opstandingsfees



MET WOORD, BEELD EN BEWEGING OM DIE HERE TE VEREER, EN ANDER TE INSPIREER

Gedurende die naweek van 2-4 Maart 2012 gaan Durbanville Gemeente sy eie kunstefees aanbied — die verskil is egter dat hierdie fees 'n Christelike karakter gaan hê in sy aanbieding van die verskillende kunstgenre's.

Hoe kan u betrokke raak?

Die feeskomitee wil graag so spoedig moontlik met sy werksaamhede begin en wil daarom graag u insette hê op die program. Ons benodig ook sameroepers om te help met die organisering van die verskeie items en stalletjies. Daarom sal ons bly wees as u die feeskomitee kan kontak indien u bereid is om betrokke te raak.

Ons is op soek na die volgende mense wat kan help organiseer:

KUNSTE:

- Woordkuns
- Klassieke musiek (orrel, instrumente en orkes)
- Kontemporêre musiek
- Kooruitvoerings
- Kinderteaater/musiek


- Skilderkuns
- Beeldhouwerk
- Toneel/Drama

KOS EN VERMAAK:

- Teetuin
- Sosaties
- Boereworsrolle
- Hamburgers
- Pannekoek
- Poeding
- Koeldrank
- Etes (ontbyt/middag/aand)
- Ander kosstalletjies
- Nie-bederfbare goedere stalletjies
- Jolkol
- Kindervermaak

ADMINISTRASIE:

- Skakelbeampte
- Borge
- Kaartjieverkope
- Terrein/Akkommodasie



Kontak ons asseblief by die volgende adres indien u van hulp kan wees:

Andrew Kok
jakok99@gmail.com
082 500 6758

James Wendel
wendel3@absamail.co.za
083 384 0980

Kerkkantoor
ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
021 975 6370

Padlangs met ouerskap



Jean en Natalie du Preez:

Ons leef in 'n heel ander wêreld as die een waarin ons grootgeword het, en ons ouerskapstyl sal moet aanpas. Die eerste aand van die kursus het Gielie Loubser genoem dit is wonderlik dat ons as ouers besef dat ons meer "tools" nodig het om ons kinders groot te maak, om eendag dieselfde waardes as ons te hê.

Oppad huistoe, na die vyfde aand, noem ek aan Natalie dat meeste van die materiaal eintlik heel logies is. Maar hoekom is dit dan so moeilik?

Die boodskap wat vir my die heel belangrikste was, en wat ook die basis van deelnemende ouerskap vorm, is kwaliteittyd met jou kinders. Ons is so besig en vergeet soms van ons twee engeltjies wat so lief is vir Mamma en Pappa, en net 'n bietjie van ons tyd wil hê. Ons het gevind dat net daai bietjie individuele aandag meeste van die "probleme" laat verdwyn.

Kinders is 'n geskenk van God!



Tracey, Werner en Jana van Zyl:

Ek wil dankie sê vir die kursus! Dit was 'n aangename, positiewe ervaring, veral vir ons wat vir die eerste keer ouers is. Die kursus het my rigting gegee en die versekering dat ek die regte dinge toepas hoe om my dogtertjie groot te maak.

Die hele boodskap het my sekuriteit gegee dat ek haar grootmaak met die regte waardes en op die regte manier. Sy is nog klein, maar die boekies is daar om weer vir my te herinner hoe om dinge te doen.

Wat vir my van baie waarde was, was ook die ander ouers wie se kinders al ouer is, wat kon help met voorbeelde. Wat ook gemoedsrus gegee het, is dat almal maar dieselfde foute maak en dat ons maar net mense is wat ons bes probeer. Dankie weereens!



Gerrit, Ursula en Emilie Pienaar:

Eerstens wil ons as familie baie dankie sê dat daar so 'n wonderlike geleentheid geskep is vir ons!

Voor hierdie kursus het ek en Gerrit (en ons het gedink Emilie) gedink ons is "cool" ouers, want ons het ouerskap so bekyk en ons siening was dat ons gaan leer uit die foute van ons ouers, vriende en familie en ons gaan beslis nie dieselfde foute maak as hulle nie. Ons het gedink ons benadering van ouerskap was baie prakties en ons het geglo dat ons 'n wenresep gehad het. Om ons egos as ouers verder te streel was Emilie se gedrag van so 'n aard dat ons gedink het, sjoe, ons moet op die regte pad wees, want sy is so 'n aangename, vriendelike dogtertjie!

Ons doen en denke het nogal heelwat verander nadat ons blootgestel was aan die hele positiewe deelnemende ouerskapkonsep. Die hele ervaring was absoluut "amazing", maar hier is 'n paar van die hoogtepunte wat ons ervaar het:

- * Ons plig as ouers: die velle het van ons oë afgeval en ons moes eerlik met onself as ouers wees.
- * Die besef van wat 'n hengse impak ons op ons kind se lewe kan maak as ons nie ons rol as ouer uitspel nie.
- * Gesindheid ("attitude") is iets wat ek as ouer moet verander, want om positief deelnemend in enige verhouding te wees, neem "guts" en uithouvermoë!
- * Die "spin-offs" van die verandering in die benadering van deelnemendheid in alle verhoudings, nie net met ons kind nie, het al so 'n positiewe impak op my en Gerrit se lewe gehad in hierdie kort tydjie.
- * Die "tools" is maklik verstaanbaar en prakties. Die boekie is ook baie beskrywend, so jy kan weer gaan lees om te "refresh".

Wat wonderlik is, is dat jy hierdie "tools" kan aanwend op 'n daaglikse basis met elke interaksie wat jy het.

Weereens baie dankie!

geSIGgies



Geseënde Kersfees

Besoek uit die ooste!


Matteus 2: 9-11

⁹Nadat hulle die koning aangehoor het, het hulle vertrek; en kyk, die ster wat hulle sien opkom het, het hulle gelei totdat dit gaan staan het bo die plek waar die Kindjie was. ¹⁰Toe hulle die ster sien, was hulle baie bly. ¹¹Hulle het in die huis ingegaan en die Kindjie saam met Maria, sy moeder, gesien, en hulle het gekniel en aan Hom hulde bewys. Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre.

Kleur die prentjie in en kry die kous by die kaggel!



Kersfeesfoto-ornament om op die boom te hang



Sny die gedeelte uit en plaas foto aan die agterkant

Versier eers die prentjie. Knip nou die 2 prentjies uit. Dan knip jy die gaatjie baie versigtig uit. Plaas nou jou foto tussen die 2 prentjies en gom dan vas aan mekaar. Druk 'n gaatjie waar die swart kol is en heg lintjie.

Ons wil graag al ons geSIGgies 'n wonderlike & geseënde Kersfees toewens, mag julle 'n wonderlike en veilige vakansie hê! Mag 2012 vir julle almal baie geluk, voorspoed & liefde inhou!!!

Mag God vir jou die lig van Kersfees gee wat geloof is; die warmte van Kersfees wat liefde is; die luister van Kersfees wat reinheid is; die geregtigheid van Kersfees wat regverdigheid is; die geloof in Kersfees wat waarheid is & die volheid van Kersfees wat Christus is.

Vrywilligers is Jesus se hartklop in die wêreld!

Jackie Pretorius



Vrywilligers is nie net die hartklop van ons gemeente nie, maar Jesus se hartklop in die wêreld – sy dissipels.

Jesus het 'n mandaat aan die kerk gegee om die goeie nuus aan die wêreld te verkondig, asook om dissipels te maak en hierdie dissipels te leer om toegewyde volgelingen van Hom te wees. Hierdie opdrag gee uitdrukking daaraan dat alle gelowiges 'n opdrag ontvang het om hulle eie roeping in die bediening uit te leef.

'n Hele klompie aktiwiteite flits deur my gedagtes van die afgelope jaar en onthou ek van toegewyde lidmate wat hul gawes op verskeie maniere aangewend het en ook hierdeur gehelp het om ons visie uit te leef tot eer en verheerliking van God:

Teebeurte en koppies was Sondagoggende na eredienste; finansiële bydraes wat so gereeld gemaak word, asook skenkings

Dankbaarheidsoffer

Jackie Pretorius

In Novembermaand begin ons Dankbaarheidsoffer (in die verlede "tiendemaandoffer" genoem). Dit is die tyd waarin ons as lidmate vir onself rekenskap gee oor God se spesifieke seënings oor ons en ons dankbaarheid daarvoor.

Dit is 'n geleentheid om 'n spesiale offer "uit die hart" te bring, wat ek self graag sou wou hê, maar in dankbaarheid vir God sal weggee. Ons glo dat dit elke lidmaat se eie verantwoordelikheid en voorreg is om hierdie offers aan die Here te besorg.

Elke gemeente het verpligtinge met eie en ander werksaamhede, wat die verantwoordelike hantering van alle fondse vereis en streng begrotingskontrole noodsaak. Saam met hierdie verpligtinge kom daar ook roepstemme en uitdagings om betrokke te raak by die nood van die wêreld en die uitbreiding van God se koninkryk.

Ons mikpunt hierdie jaar is weer R1,000 000-00. Ons bede is dat al ons lidmate sal deelneem aan hierdie Dankbaarheidsoffer deur die loop van November. Ons uiteindelijke droom is dat die volle Dankbaarheidsoffer buite die gemeente se normale begroting sal val en dit volledig aangewend kan word vir nuwe projekte en inisiatiewe in ons gemeenskap en wyer, maar ons is nog nie heeltemal daar nie. Op hierdie stadium word die Dankbaarheidsoffer wel aangewend vir bedienings en dienswerk, maar val dit nog binne die gemeente se vaste

Dankbaar

vir uitreikprojekte; hulp met die straatbraai en die kermis; die gasvryheidspanne wat ons verwelkom by die eredienste en die afkondigings uitdeel; die tel van offergawes elke Maandag; opneem van offergawes en bediening van nagmaal tydens eredienste; diegene wat ander besoek, net daar is om te luister of dalk 'n gebed te doen; werkgroepe wat saam met ons leraars help met die beplanning van die eredienste; koorlede wat so gereeld optree en ons inspireer met hul lofsang; hulp by die kategeese en tienerbediening, ook tydens kampe; mense wat al vir 'n hele aantal jare Vrydagoggende die afkondigings kom vou; dié wat in die kerk se tuine kom raad gee en help met die verplant en plant van nuwe plantjies; die span vrywilligers wat jaar na jaar hul name deurgee vir die blommelys en op hierdie wyse hul gawes aanwend om ons liturgiese ruimtes te vul met pragtige blomme.

Baie dankie dat jy hierdie jaar, op watter terrein ookal, jou rentmeesterskap – jou Godgegewe talente – kon aanwend en uitleef binne en buite Durbanville Gemeente!

Die leraars en personeel wens jou en jou familie 'n geseënde Kersfees en voorspoedige 2012 toe!



begroting en is daar nie ruimte om dit aan te wend vir nuwe projekte of inisiatiewe nie. Soos wat ons gemeente groei in ons Rentmeesterskap, glo ons dat ons daardie droom kan verwesenlik.

Die Dankbaarheidsoffer kan op verskeie maniere gegee word :

- Dankbaarheidsofferkoeverte kan by die kerkkantoor ingegee word, of op 'n Sondag in die offergawe-sakkie geplaas word.
- Die offer kan ook elektronies oorbetal word aan die gemeente by:

NG Gemeente Durbanville; ABSA Durbanville; Tjekrek nr: 1410580019.

Meld asb verwysing: voorletters en van / Dankbaar. Byvoorbeeld: J van Niekerk/Dankbaar

- Dankbaarheidsoffers kan hierdie jaar weer in 'n Oesmandjie geplaas word wat in die liturgiese ruimte van die kerk en saal geplaas sal word.

Mag God, aan wie elkeen en alles behoort ons harte vul met sy liefde en krag sodat ons Dankbaarheidsoffers kan bring wat sy eer waardig is. Besin oor sy goedheid ... bid oor jou gehoorsaamheid ... gee dan uit dankbaarheid ... en leef in die vreugde dat God ons bly seën!